Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 15 Mei 1946. No. 25.

# SKAARS KOSSOORTE WORD UITGEVOER —

## Offer Vir Britse Sentiment

**Onderwyl daar in Suid-Afrikaanse stede tougestaan word om skaars voedselsoorte in hande te kry, en daar in sommige gevalle nie eens tougestaan kan word nie, omdat die toonbanke eenvoudig sekere ware glad nie aanbied nie, vind daar 'n nie-amptelike kosuitvoer na Groot-Brittanje plaas op reuse-skaal. Na berekening word daar maandeliks meer as 'n miljoen pond voedsel op hierdie wyse uitgevoer.**

**Inderdaad word daar in die spesiaal ingerigte afdelings vir kosversending na Engeland in die groot stedelike winkels tougestaan om bestellings te plaas vir pakkies wat oor see gestuur moet word.**

'n Verslaggewer van Die O.B. wat in Kaapstad navraag gedoen het na hierdie kosuitvoer, het op lang toue mense afgekom wat wag op 'n beurt om hul bestelling te plaas vir die uitvoerpakkie. **Onder die kossoorte wat by hierdie toonbank bestel kan word vir inwoners in Engeland, is daar wat nie oor die gewone toonbank gekoop kan word nie. Dit sluit onder andere in suiker. Die gewone publiek kan slegs by wyse van uitsondering 'n tou vorm vir suiker deesdae. Origens word suiker net aan vaste klandisie verskaf en dan op so 'n gerantsoeneerde skaal dat huisgesinne van vyf en meer mense maar soveel as twee pond per week ontvang.**

Daar is dan ook deur 'n klerk in die geskenke-afdeling erken dat die produk wat die meeste gekoop word vir versending na Groot-Brittanje suiker is. Die winkel verskaf 'n gedrukte lys van pakkies waaruit gekies kan word. Voorbeelde van die pakkies is o.a.: 1 x 2 pond appelkooskonfyt, 1 pond droëvrugte, 1 pond suiker; 1 pond beesvleis, 1 x 2 pond pruimkonfyt, 1 pond kalfsvleis, 2 pond gemengde droëvrugte; 2 jellies, ½ koffie.

Een van die grootste winkels in die stad het 80 van hierdie soorte pakkies opgemaak uit verskillende voedselsoorte. Die meeste van hulle bevat vleis, maar net twee pakkies hiervan bevat suiker, en hulle geniet die grootste aftrek.

'n Sapa-berig uit Johannesburg meld trouens ook dat huisvroue by die een toonbank staan en klae omdat hulle nie „suiker, tee en brood" kan kry nie, maar dan stap hulle oor na die afdeling vir uitvoerpakkies waar hulle 'n „aangename halfuur" deurbring in die uitsoek van goedere om oor see te stuur!

Dat hierdie voedsel net na Groot-Brittanje gaan, blyk uit die adreskaartjie wat een van die groot winkels laat druk het. Dit is net vir invul en daarin is by voorbaat aangeneem dat dit na die „Verenigde Koninkryk" sal gaan deur die woorde „United Kingdom" klaar op die kaartjie te laat druk!

**Volgens 'n mededeling van die Kaapstadse poskantoor word daar maandeliks 30,000 voedselpakkies van nie meer as sewe pond die land uitgestuur. Dit geld net vir Kaapstad.** Ander groot sentrums soos Johannesburg, Pretoria, Bloemfontein, Durban en Pietermaritzburg maak hul eie pakkies op vir regstreekse versending. **As Kaapstad as maatstaf geneem word, beteken dit dat daar meer as 'n miljoen pond aan voedsel maandeliks die land uitgevoer word, en dat 'n baie groot deel hiervan bestaan uit kossoorte waaraan die Unie self 'n tekort het.**

### ARMES SE DEEL

Omdat dit uit die aard van die saak hoofsaaklik rykes is wat so kwistig is met hul geskenke, kom dit daarop neer dat hierdie bevoorregtes, wat onder die heersende stelsel van winkelrantsoenering weekliks hul volle kwota aan skaars voedselsoorte by hul huise afgelewer kry, nog van die bietjie afknyp wat vir die arm man en kontant-koper beskikbaar gestel word. **Dit gaan nie af van hul eie voorrade nie, maar van die voorrade wat af en toe oor die toonbank aangebied word aan die lang toue kontant-kopers — merendeels blankes van die arm klasse en kleurlinge. Dit is eintlik hulle wat die offer vir Groot-Brittanje bring!**

As daar verder in gedagte gehou word dat Engeland nog nie eens brood rantsoeneer nie, maar nog volop witbrood eet, dan kan besef word dat die Unie-bevolking 'n swaar prys uit sy karige voedselvoorrade betaal vir blote sentimentsbetuiging van 'n klompie welgestelde Britte.

# Dis Iets Anders

Die K.G., dr. Hans van Rensburg, doen die volgende verklaring:

„As twee dieselfde doen dan is dit tog iets anders."

Die speurders was by die Gebiedskantoor, Johannesburg, en wou weet of hulle iets weet van dreigemente wat Sersant-Majoor Jock Isaacowitz, sekretaris van die Springbok-Legioen oor die telefoon sou ontvang het in verband met hul aanhitsing teen die O.B. Ons kantoor het natuurlik daarvan niks geweet nie. Eerstens is ons nie gewoond mense dreig nie en tweedens is hierdie Joodse meneer ook nie belangrik genoeg nie. Ewewel, volgens beëdigde verklarings waarmee hy na die polisie gehardloop het, is hy gedreig geword, per telefoon.

**Vergelyk egter hierdie polisie-onthutsing oor beweerde telefoonbedreigings van 'n Joodse naby-Kommunis met die openbare opruiing en besluit van 'n skare van om en by die 20,000 Kommuniste op 1 Mei verlede jaar, waarin hulle besluit het dat hulle „Van Rensburg en sy generaals" aan die lamppale van Johannesburg gaan hang en die lyke in wind en weer laat ontaard.**

Ons het nie na die polisie gehardloop nie — ons het net die Wag versterk — en die polisie het nog minder na ons gehardloop.


Maar 'n beweerde telefoonbedreiging van 'n Jood . . . „ja, boer, dat's iets anders, zoals de burgemeester zei!"

## Suikertekort En Marmalade

**Die Voedselkontroleur het die publiek in die vooruitsig gestel dat die tekort aan suiker in die komende jaar sal voortduur as gevolg van die droogte wat daar in die suikergebiede van ons land geheers het.** Hy het verklaar dat geen suiker aan nuwe winkels verskaf sal word nie en dat die stelsel van rantsoenering soos tans deur die winkels toegepas, sal voortduur.

Gedurende die afgelope jaar was suiker so skaars dat elke huisvrou slegs 'n paar pond suiker kon bekom en dan is dit alleen aan vaste klandisie verskaf. **Die skaarste was nie te wyte aan droogte alleen nie, maar is veroorsaak deur die regering se gewetenlose uitvoer van hierdie produk. Aan Engeland is daar gedurende 1945 soveel as 72,378 ton suiker teen verminderde prys verskaf.** Volgens berigte het Engeland 'n groot deel van hierdie suiker gebruik vir die maak van marmalade wat weer na ons verskeep is. En hierdie marmalade word weer na Engeland uitgevoer in die vorm van geskenke deur Britse patriotte in die Unie!

## Altemit 'n Halwe Brood



**Duisende Kapenaars moet deesdae so toustaan in die hoop dat hulle 'n halwe broodjie in hande sal kry. Meestal is dit net die voorpunt wat geholpe raak. Die tou gaan rondom die groot blok geboue.**

„Die goud van die Rand gaan in die sakke van die Londense kapitalis — maar die mynstof in die longe van die S.A. mynwerker." — (Die K.G.)

## STAATSAMPTENARE ONTEVREDE

PRETORIA. — Die aankondiging van die nuwe salarisskale vir staatsamptenare verwek algemene ontevredenheid in die geledere van die staatsamptenare, veral eerste graad en senior klerke.

In Pretoria waar die grootste gros amptenare werksaam is, heers uiterste teleurstelling oor die onbenullige bedraggie wat by hulle salarisse gevoeg is. Gevorderde klerke het b.v. uitgewerk dat hulle onderskeie salarisse met ongeveer 30/- per maand vermeerder.

Een senior amptenaar het die verhogings beskryf as skandelik.

Drie eerstegraad klerke het onmiddellik hul bedankings ingedien en na verwag word gaan talle junior sowel as senior klerke die diens verlaat. — (Eie Berig.)

**Laat Johan Hefer**

u help om Blakende Gesondheid te geniet en 'n Mooi Geboude Liggaam met Reusekrag te ontwikkel.

Leerling A. S. Louw, jnr., van Oliviershoek, Natal, skryf: „Vandat ek u kursus neem het ek nog geen verkoue gehad nie en my hoofpyne het verdwyn. My borsmaat het met 6 dm. vermeerder, my bo-arm met 3 dm., my bo-bene met 5 dm. en my kuite met 3 dm. Baie dankie vir u interessante kursus en raad."


KURSUSSE VIR MANS VAN ENIGE OUDERDOM.

APARTE KURSUS IN GESONDHEID VIR DAMES.

Skryf vandag om nadere Besonderhede.

**JOHAN HEFER**

Bus 3494 KAAPSTAD



JOHAN HEFER

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam (Mnr., Mev., Mej.) ..............................

Adres ..............................

..............................

# Oproep In Brosjure Vir Geldinsameling

**Onder die opskrif „Fondsdag 1946" het Gebied F. (Noord-Transvaal) 'n netjiese brosjure uitgegee wat 'n oproep bevat vir die insameling van fondse vir 8 Augustus vanjaar.**

Saam met etlike afdrukke van O.B.-parades en -funksies bevat dit 'n oproep van die gebiedshoofvrou, genle. C. W. Rautenbach, van die Volksorgleier, genl. G. Cronjé en van die gebiedsleier, genl. H. M. van der Westhuizen.

„Dit is vanjaar op 8 Augustus agt jaar gelede dat die simboliese Ossewatrek 'n aanvang geneem het vanuit Kaapstad. Gedurende die agt jaar wat verby is, het baie dinge gekom en gegaan. **Die Ossewabrandwag het gekom en gebly, want die roeping en taak van die Afrikaner is nog steeds daar,"** skryf genle. Rautenbach. „Die Ossewabrandwag staan nog steeds in diens om sy doel te bevorder. **Daarom het ons vrymoedigheid om op te roep tot steun, ook geldelike steun aan die Volksbeweging wat in diens wil staan van die hele volk.** Ons plig is om ons hand diep in ons sak te steek vir die Volksbeweging wat in diens van die volk beweeg in die rigting van sy bestemming."

In verband met die viering van 8 Augusttus skryf genl. Van der Westhuizen: „Die O.B. sal voortgaan om te stry vir die algehele vrywording en blywende voortbestaan van ons volk. Ons vier ons Beweging se verjaardag; ons gedenk die verlede; ons besin oor die toekoms wat voorlê." „Gee u hand, u hoof, u hart en u trou, en die oorwinning is beslis."

„O.B.-dag, die dag waarop geld vir die instandhouding van die O.B.-organisasie ingesamel word, is die dag van die vrou omdat dit deur die vrou ingestel



Genl. H. M. v. d. Westhuizen.

is en omdat sy met geldinsameling veel meer as die man kan bereik," verklaar die Volksorgleier in hierdie brosjure. „Die vrou neem op O.B.-dag die voortou en sy byt die spit af maar sy moet getrou deur die man bygestaan word."

**„Laat ons ons kragte inspan om geld in te samel (nogeens duisende ponde), want daarsonder kan die stryd nie gevoer en die oorwinning nie behaal word nie," skryf genl. Cronjé ten slotte.**

## *Soek Afrikaners In Duitsland*

Lede van die Unie se verdedigingsmag is tans besig om in die vroeëre Duitse militêre hoofkwartier getuienis in te win teen die Afrikaners wat gedurende die oorlog in Duitsland verkeer het en vermoedelik, volgens bewering, die Duitse oorlogspoging op een of ander manier bevorder het. Aan die hoof van die swartlys van „oorlogsmisdadigers", is dr. Eric Holm wat gedurende die oorlog oor die Duitse radio na Suid-Afrika uitgesaai het. Ander persone wie se loopbane nagegaan word, is soldate van die Unie wat ná hulle gevangeneming hulp aan die Duitsers sou verleen het.

Ondersoek het tot dusver nog net in die Franse, Amerikaanse en Engelse gebiede plaasgevind omdat die Russe geweier het om die kommissie van ondersoek in hul gebied toe te laat.

## *Klop Alle Ander Blaaie*

**Mnr. W. J. van Aardt, jr., Kliprug, pos Banhof, Ermelo,** skryf na aanleiding van 'n advertensie wat hy in Die O.B. geplaas het in verband met aartappels en boontjiesaad dat Die O.B. alle blaaie klop waar in hy nog tot sover geadverteer het. Hy het 'n toets gemaak tussen Die O.B. en 'n welbekende landbou-weekblad en „die gevolg was dat Die O.B.-lesers my die meeste ondersteun het".

Dit is die soveelste bewys dat Die O.B. vandag die beste advertensiemedium in die land vir die Afrikaner is.

# Ierland Het Surplus S.A £540 Milj. Skuld

**Ierland wat gedurende die oorlog onsydig gebly het, het sy finansiële jaar met 'n surplus van meer as £2 miljoen afgesluit. As gevolg van die belastingsvermindering wat voortspruit uit die gesonde finansiële toestand van die land omdat hy geen oorlogskuld het nie, is die belasting met £3,662,000 verminder.**

Die huidige begroting wat ingedien is, maak voorsiening vir 'n bedrag van £3 miljoen vir noodleniging in Europa. Daar is vandag min lande wat aanspraak kan maak op so 'n gesonde finansiële posisie soos Ierland.

**Die Unie het volgens die jongste beskikbare syfers 'n oorlogskuld van meer as £540 miljoen waarop ons 'n rente van £16 miljoen per jaar betaal. Uit die gegewens blyk dat ons landskuld sedert Maart 1939 net mooi verdubbel het. Ons skuld het toe ongeveer £271 miljoen bedra.**


U STRYD IS 'N STRYD TEEN DIE *GEORGANISEERDE PERSMAG* — U OORWINNING WORD BESPOEDIG DEUR 'N BELEGGING IN PERSKOR

**Skryf aan Die Sekretaris, Posbus 1411, Kaapstad**


# Sement teen Berghange En Brood vir Varke

## Nadraai van Vermorsing

**Die Minister van Gesondheid en Behuising het verlede week in 'n verklaring oor die woningnood gesê dat een van die ernstigste beperkende faktore in die boubedryf die tekort aan beton is.**

Die meeste van die tekorte wat die land vandag onder gebuk gaan, is toe te skryf aan die spandabelheid tydens die oorlog. Voedsel en voorrade is op ongekende skaal uitgevoer en ook binnenslands vermors. So by voorbeeld was daar tydens die oorlog 'n reuse militêre kamp naby Barberton. **Uit blote verveeldheid het die soldate van hierdie kamp groot wapens van hul onderskeie eenhede teen die berge uitgelê met sement. In 'n kort afstand is daar ongeveer twintig van hierdie wit olifante wat elkeen nagenoeg vyftig sakkies sement bevat.** Dit is wat Barberton betref. Hoeveel sement op hierdie wyse in ander dele van die land en die buiteland vermors is, kan maar net geraai word.

BROOD VERMORS

Dieselfde geld vir voedsel. Mense in die omgewing van militêre kampe verklaar dat varkboere floreer het deur vragtevol brood, kaas, ens. wat in die vuilgoedbakke beland het, weg te ry vir hul varke. **Reeds in die stadium toe die regering dit nodig geag het om 'n verbod op witbrood te plaas, was dit nog die praktyk in militêre kampe binne die Unie dat onverantwoordelike elemente net die korsies van die brood afsny, dit dik beplak met botter, en die res van die brood en botter in die vuilgoedbak gooi. Vir die volgende ete word nuwe brood en nuwe botter verskaf.**

„Dit is geen wonder dat ons land vandag deur 'n hongersnood geteister word nie," het 'n persoon gesê wat van hierdie vermorsing kennis dra.

**INDIËRS KLA BY V.V.O.**— Die regering van Indië het besluit om die saak van die Suid-Afrikaanse Indiërkwessie aan die Verenigde Volke-Organisasie voor te lê. Politieke kringe in Londen is die mening toegedaan dat die voorlegging van hierdie kwessie nie besondere steun binne die Britse Gemenebes sal vind nie.

## *M.A. Met Lof In Tronk*

**Van die politieke gevangenes in Pretoria is daar 'n aantal wat hul tyd deeglik uitkoop met studie. Mnr. Willie van Rensburg van Bloemfontein het verlede jaar die skriftelike deel van die graad M.A. in ekonomie met onderskeiding afgelê.** Twee van sy vriende, Freddie Venter en Boeta Fourie, het onderskeidelik drie kursusse vir die B.A.-graad en twee vir matriek deurgekom. Laasgenoemde het net std. ses.

As mens die omstandighede waaronder hierdie jongmanne verkeer, in ag neem, kan hulle slegs bewonder word vir hul moed en prestasie.

Die volgende boeke word deur hulle benodig, en indien iemand daarvan het om af te staan, kan aan die redaksie geskryf word:

Haney: History of Economic Thought; Lester: Economics of Labour; Bogardus: A History of Social Thought; House: The Range of Social Theory; Queen, Bodenhafer en Harper: Social Organisation and Disorganisation; Knight: Civilized Life.

**„As die volkswa dan te stadig die opdraende uitgaan, sit jou skouer ook teen die wiel — en stoot broer, stoot!" — (Die K.G.)**

**GEBRUIK DUITSE PROSESSE:** Sedert verlede Junie is die Amerikaners in Duitsland besig om inligting in te win in verband met die Duitse metodes vir die verwerking van hout en die bereiding van newe-produkte soos alkohol en voedselgis. As al hierdie gegewens ingesamel is, sal dit op die Amerikaanse nywerheid toegepas word.


# Die Kopersbond Beperk

(Geregistreer onder die Maatskappywet 1926)

* * *

*Hierdie is nie 'n prospektus nie maar 'n aankondiging dat ons nominale kapitaal nou verhoog is na*

**£1,000,000**

* * *

KOPERSBOND bied aan:

1. Veiligheid vir u belegging.
2. Verspreiding van u belegging.
3. Goeie diwidende.

* * *

*Met die verhoging van Kapitaal word 50,000 „B" aandele van £5 elk aangebied.*

* * *

DIREKSIE:

DR. F. J. KRITZINGER
DR. J. H. PIENAAR
DR. F. F. BORCHARDT
J. N. B. SCHABORT
G. T. ROBERTSON
DR. C. J. S. STRYDOM
J. J. ACKERMANN
DR. H. J. LUTTIG
DR. F. D. DU TOIT-VAN ZYL

*Skryf dadelik om prospektus aan:*


*DIE SEKRETARIS*

## Die Kopersbond Beperk

POSBUS 8363 JOHANNESBURG

# Skrille Kontras Tussen Spoorweg En Lokasie

**Ons plaas hieronder twee foto's wat 'n skrille teenstelling met mekaar vorm. Die een bo is een van vier geboue wat so pas in die naturelle-lokasie van Kaapstad (Langa) teen 'n koste van £21,000 elk opgerig is en deel uitmaak van 'n skema van 38 sulke geboue waarvan daar agt hierdie jaar voltooi sal word. Afgesien van hierdie geboue sal daar nog baie huise vir naturellegesinne gebou word op min of meer dieselfde grondslag.**



Elke gebou huisves 168 naturelle — twee-twee in 'n kamer en op elke verdieping is daar stortbaddens aangebring met warm water. Die waterpypе wat gebruik is, is van koper — iets wat vir die private bouer vandag nie verkrygbaar is nie. Op die grondverdieping is gemeenskaplike sale wat voorsien is van stallasies, tafels en elektriese ysters vir die was en stryk van klere. Die vloere is uitgelê met houtblokkies en die mure met wit teëls „ten einde meer lig te verskaf".

Die huur wat betaal word is £1 per naturel.


Die O.B. wil dadelik beklemtoon dat hy niks het teen die billike behandeling van die naturel wat na die stede kom en daar nodig is nie, maar wanneer daar aan hierdie mense halwe paleise verskaf word, terwyl hul kapteins en konings in hul eie gebiede aan niks meer as strooise gewoond is nie, **kan darem minstens verwag word dat die blanke werkers in die stede, wat geslagte lank gewoond was om in behoorlike huise te woon, dieselfde geriewe sal ontvang. Maar wat is die geval?**

Die tweede foto toon die huisvesting wat vir die afgelope tientalle jare al vir Spoorwegwerkers in Kaapstad verskaf word. Dit is 'n kettingreeks van klein hout- en sinkhuisies waarvan die hout teen hierdie tyd al so verweer is, dat dit tussen die vingers fyngevat word. Sowel die mure as die dakke lek en baie meubels is al beskadig hierdeur. Elke huisie bestaan uit drie hokkies vir vertrekke wat so klein is dat daar net 'n bed en klerekas in pas. Dan gaan dit skuurskuur om daartussen deur te beweeg. **Die vertrekkies is so donker dat die elektriese lig bedags aangeslaan moet word om binnekant iets te beken. Daar is lank gelede al deur die inwoners aansoek gedoen om luike in die dak sodat die daglig kan binnekom, maar sonder gevolg.**

Die huur wat vir hierdie krotte betaal word is £2 10s. stuk plus lig en water. Die huise op die foto is nie die swakste in daardie omgewing nie. 'n Sinkgeboutjie wat so bouvallig is dat dit nouliks vir 'n hoenderhok gebruik kan word, kon weens sy toegeboude ligging nie in die kamera-lens betrek word nie.

**In hierdie krotte wat deur die staat verskaf is, moet ouers tot soveel as agt en tien kindertjies herberg en opvoed.** In Langa, wat deur die stadsraad beheer word, stap ongetroude naturelle met hul kaalvoete op parketvloere in die weerkaatsende lig van wit teëlmure.

**Wanneer word daar iets gedoen vir die blanke armes?**



# Skewe Verhouding In Behuising

## ROBERTSON NEEM BESLUIT

„Ons hoor van bestaansbeveiliging, van die blanke se pligte teenoor die naturel maar ons hoor niks van die voogdyskap oor die blankes wie se getal verarmdes en veragterdes sedert 1910 van 50,000 tot meer as 350,000 aangegroei het nie," het mnr. A. L. de Jong onlangs op 'n vergadering van die Robertsonse Belastingbetalersvereniging gesê.

Hy het aangevoer dat die plattelandse samelewings uitsien na 'n beleid van desentralisering op die gebied van Nywerheid.


Ons kry nie nywerheidswetgewing wat koördinerend is nie maar wel wetgewing wat op ons afgedruk word, soos die Naturellebehuisingswet No. 25 van 1945. **In 1938 het Robertson 154 blanke gesinne gehad met 'n maandelikse inkomste van £6 en minder per gesin. In Januarie 1942 is te Worcester op die 300ste blanke gesin afgekom waar, ná die huishuur betaal is, £3 oorgebly het vir die huishouding.**

**Loonbepalings maak geen verskil tussen blanke en nieblanke arbeid nie, maar die huishuur is vir die blanke in die reël duurder.** Die bevolkingsverhouding is op Robertson 60% blank en 40% nieblank; op Worcester was die verhouding teen die einde van 1944 61% nie-blank en 39% blank. Worcester moet vir 1,300 naturelle behuising voorsien. Die sub-ekonomiese behuisingsplan is vir blankes permissief. Hoewel Robertson as bevolkingsverhouding 60—40 in die guns van blankes is, bou die munisipaliteit 25 persent (22 huisies) vir blankes en 75 persent (66 huisies) vir nie-blankes.

MOET SELF KAN BOU

Ons wil die naturel nie by ons hê nie omdat ons die bevolkingsverhouding nie wil versteur nie, het mnr. De Jongh gesê. Ons verlang na hoër loonskaal-nywerhede met mense vir wie sub-ekonomiese huise nie hoef gebou te word nie maar wat self kan bou; nywerhede wat ook die plattelandse seun in die geleentheid sal stel om as leerjongens tot ambagte toe te tree in plaas van hul samelewings te verlaat om in die grootstede werk te vind.

Sy voorstel wat sonder teenstem aangeneem is, lui dat die munisipaliteit die regering vra om toepassing van Wet 25 van 1945 uit te stel tot tyd en wyl wetgewing ingedien word ooreenkomstig die desentraliseringsaanbevelings van die Raad van Handel en Nywerheid en dat intussen die blanke en nieblanke bevolkingsverhouding van die jongste algemene bevolkingsopname in dorpe erken word om insypeling en infiltrering van naturelle te voorkom. —(Ingestuur.)




WAARDE VIR GELD

**VIR REVOLUSIE?** — Die polisie het 'n arsenaal van wapens en ammunisie van Russiese fabrikaat in die buitewyke van Milaan (Italië) ontdek. Onder die wapens wat ontdek is, is 'n dubbelloop-lugdoelkanon, 'n tenkdoelkanon, 40 swaar masjiengewere, 11 lugdoel-masjiengewere, 20 outomatiese gewere en 16 gewone gewere. Daar was ook 200 kiste ammunisie, twee radiosenders en twee radio-ontvangtoestelle.

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND.

*Dameshoede . . .*
VIR WELKE GELEENTHEID OOK AL, U KRY VERSKEIDENHEID BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU!
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
Werda Meubelhandelaars,
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Paarl Monumentale-Werke
(EIEN.) BPK.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)
SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS
Direkteure:
L. A. B. Bohlman – M. Bohlman
Gevestig 1898

MARKAGENTSKAP
VROEE MORE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV BETIEF

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

DIE O.B., WOENSDAG, 15 MEI 1946.

# NUWE PROPAGANDA

Op 'n stadium wanneer die hele wêreld al belangstelling in die Neurenbergse wraakhof verloor het, probeer die regerende party hier by ons soos met 'n laatvrug weer oorlogsgeesdrif by sy verbysterde volgelinge op te wek deur die leier van die opposisie, dr. D. F. Malan, as 'n verraaier van die oorlogspoging uit te hang.

Dit is 'n kenmerk van die partypolitiek dat dit nooit of baie selde 'n saak op sy verdienste behandel. Alle optrede word oorweeg vanuit 'n propaganda-oogpunt. As die regering 'n regsaak het, kon hy al lankal gehandel het — en moes hy gehandel het, soos woordvoerders van die H.N.P. dan ook tereg beklemtoon het. **Maar dit gaan nie vir die regerende party om die handhawing van reg nie, maar oor die mate van propaganda wat hy op die gewenste oomblik kan uitslaan.**

Dit is een van die ongelukkige gevolge van die partypolitiek dat die parlement nie meer 'n plek is waar staatsake bespreek en beslis word nie, maar waar die een party die ander voor die toeskouende oog van die volk bevuil. Lasterlike dinge wat buite op straat nie gesê durf word nie, kan hier straffoos geuit word. En niemand spring dit vry nie. 'n Paar jaar gelede het die leier van die opposisie dieselfde taktiek teen sekere O.B.-leiers aangewend toe hy die berugte Van der Walt-verklaring — wat niks met enige wetgewing of staatsaangeleentheid te doen gehad het nie — in die parlement voorgelees en dit aan die Minister van Justisie oorhandig het. Die leier van die opposisie is toe deur die Ossewabrandwag uitgenooi om getuienis voor 'n kommissie te kom gee, maar hy het dit van die hand gewys.

### ROOKSKERM

Die huidige episode is 'n herhaling hiervan met die leier van die opposisie in die rol van aangeklaagde. Onder applous van Stalin se nalopers word hierdie Afrikanerleier nou met modder bestook, **nie omdat die reg dit vereis nie, maar omdat die wraakbeleid van die regerende party ten opsigte van geïnterneerde Duitsers 'n rookskerm vereis om sy wandade te bedek.**

Vir dié doel word nou sogenaamde dokumente uit die bouvalle van Berlyn gevis wat gedeeltelik 'n sameflansing van radiopraatjies uit Zeesen skyn te wees, en gedeeltelik uittreksels bevat uit beweerde dokumente van die Duitse buitelandse departement wat by die eerste oogopslag 'n uiters apokriewe voorkoms het. **As daar by voorbeeld onder datum 22 November 1940 verwys word na die „Malan-Rensburg-groep", terwyl dr. Van Rensburg op daardie tydstip as administrateur van die Vrystaat geheel en al buite die politiek gestaan het, dan word die hele aanklag so belaglik as wat dit politiek-kwaadwillig skyn te wees. Daar kan tog immers eers sedert Januarie 1941, die datum waarop dr. Van Rensburg leier van die O.B. geword het, van 'n Malan-Rensburg-groep sprake wees!**

### SAL VERANDER

Laat die gekose komitee sy werk doen. Ons wil in sy bevindings nie vooruit loop nie, maar totdat hy dit anders bevind, noem ons die hele voorval 'n growwe poging om 'n partyteenstander te bemodder — **indien dit bemoddering is, gesien die treurige toestand, met kommunistiese baasskap, waarin die oorlogmakers ons land en die wêreld gedompel het. Die oomblik is reeds baie naby dat almal wat die oorlog teengestaan het, as die wyses uitgeroep sal word en diegene wat dit wou, as dwase.**

Moontlik moet dit dan ook aan hierdie dwaasheid toegeskryf word dat die regering nog steeds dreig om ná dr. Malan ook ander nasionale leiers, wat hulle teen die oorlog verset het, te vervolg. **En is dit miskien met die oog daarop dat die regering tans besig is om sy Gestapo- of sogenaamde inligtingdiens uit te brei tot 'n hele departement, en dat telefoongesprekke ondanks amptelike ontkennings nog steeds afgeluister word?**

---

# MEER STRAFBAAR

Dit het al gewoonte geword by die Engelse pers en woordvoerders om met verwysing na die Afrikaner se verset teen die dwase oorlog te beduie dat in enige ander land hulle doodgeskiet sou gewees het. So verklaar die Cape Times verlede week ten opsigte van dr. Malan in verband met die beweerde Duitse dokumente dat hy in meeste Europese lande vir wat hy erken hy gedoen het, nie geïnterneer nie, maar doodgeskiet sou geword het.

In 'n bitsige pleidooi vir diktatoriale optrede teen die Ossewabrandwag, verklaar ook Arthur Barlow in sy blad dat die „ekstremiste" wat in Suid-Afrika verraderlik opgetree het, „in enige ander land" as verraaiers in 'n tronk gegooi of doodgeskiet sou geword het.

Die vraag wat aan hierdie uitlanderelement gestel moet word, is:

Moet die feit dat daar nie so opgetree is teen Afrikanernasionaliste nie toegeskryf word aan verregaande verdraagsaamheid van die bewindvoerders — **wat hulle egter nie teenoor Duitse mede-burgers geopenbaar het nie — of moet dit toegeskryf word aan die feit dat die leiers in die regeringskring nog besef dat die Boer 'n reg het om getrou te wees aan sy eie tradisie en ideale naas die plig wat hy veronderstel word ook te hê teenoor wat sommige elemente beskou as 'n moederland?**

**En sou hulle dan nie besef dat HUL blinde lojaliteit teenoor 'n vreemde land van uit 'n Suid-Afrikaanse standpunt meer strafbaar is volgens die algemene norme van getrouheid as die Afrikaners se dislojaliteit teenoor daardie vreemde moondheid nie?**

# Die Etterende Sweer In Die Hart Van Europa

(Deur Dr. J. A. WIID)

**Duitsland is of liewers was voor die einde van die jongste Wêreldoorlog die hart van Europa. Dit is nie alleen sy sentrale geografiese ligging tussen die Slaafse ooste en die Romaanse weste, tussen die Germaanse Noordsee en die oorwegend Romaanse Middellandse See, en sy historiese rol sedert die verdwyning van die Romeinse Ryk wat Duitsland die hart van Europa gemaak het nie, maar ook sy uitstaande prestasies op die gebied van wetenskap en kuns. Daar is vandag mense in Washington, Moskou, Londen en Parys wat die volk wat 'n Frederik die Grote, 'n Otto von Bismarck, 'n Martin Luther, 'n Philip Melanchthon, 'n Johann Goethe, 'n Johann Schiller, 'n Gottfried Leibnitz, 'n Immanuel Kant, 'n Ludwig von Beethoven, 'n Johann Sebastian Bach, 'n Wolfgang Mozart en 'n Richard Wagner voortgebring het, om slegs 'n paar uitstaande Duitsers te noem, wil opvoed en leer. By diegene wat ingelig is en wat nie aan blinde oorlogsdolheid ly nie, sal hierdie astrante en aanmatigende leermeesteragtigheid alleen 'n glimlag van medelye vir leermeesters en leerlinge wek. Nie 'n gesonde Duitsland nie maar 'n etterende sweer in die hart van Europa, nie die demokratisering van Duitsland en Italië wat die stempel van Washington en Londen dra nie, maar die bolsjevering en balkanisering van Sentraal-Europa wat waarskynlik die stempel van Moskou gaan dra, is die rampsalige doelwit waarop die „Grotes van die Wêreld" vandag onbewus met sekerheid afstuur. Die voortekens is duidelik genoeg.**

### NEURENBERG

Asof die jongste Wêreldoorlog nie genoeg dood, verderf, haat en wraak veroorsaak het nie, het die oorwinnaars van gister 'n nuwe instrument van wraak in die lewe geroep. Die wraakhof van Neurenberg, enig in die geskiedenis, is reeds geruime tyd besig met die verhoor van Duitse „oorlogsmisdadigers". Tot hierdie aangeklaagde „oorlogsmisdadigers" behoort nie alleen die militêre leiers nie maar ook die politieke en finansiële leiers van die vorige Duitse regering. Volgens Neurenberg lyk dit of alleen Duitsers hulle in die oorlog in Europa aan oorlogsmisdade skuldig gemaak het. Amerikaners, Britte, Franse en Russe is bokant dergelike misdade verhewe. Die Brits-Franse oorlogsverklaring in 1939 teen Duitsland was natuurlik 'n weldaad aan die mensheid; die manier waarop Roosevelt sy land en volk uit strenge neutraliteit in oorlog gemaneuvreer het, was fyne diplomasie; die vernietiging van Dresden, die Saksiese kuns- en hoofstad deur Britse bomme was 'n noodsaaklike oorlogsdaad om die Russiese bondgenoot te help; die likwidering van tienduisend Poolse offisiere sowel as die uitvinding en aanwending van die Atoom-bom was ook maar net „wettige oorlogsmaatreëls".

Maar aangesien alleen die oorwonnenes aan oorlogsmisdade skuldig kan wees en die Neurenbergse hof klaarblyklik 'n alleenreg is wat slegs in die diens van die oorwinnaars staan, wonder 'n mens wat sou gebeur het as die oorwonnenes die oorwinnaars was en 'n geregtelike ondersoek van oorlogsmisdade ingestel het. En daar ons met asse en hipoteties gevalle besig is, wonder 'n mens wat na die Amerikaanse Burgeroorlog sou gebeur het as 'n hof vir oorlogsmisdade ingestel was en die V.S.A. nie so 'n versoeningsgesinde president as Abraham Lincoln aan die hoof gehad het nie. Of hoe sou lords Kitchener en Milner gevaar het as die Boere die Engelse Oorlog (1899—1902) gewen het en 'n geregtelike ondersoek na die dood van 26.000 vrouens en kinders in die Britse Konsentrasiekampe ingestel het?

Dit alles egter is hipoteties. Wat nie hipoteties is nie is dat daar op die oomblik in Neurenberg die saad van haat en wraak gesaai word en martelaars gemaak word wat nie die episodiese betekenis van die Neurenbergse hof gaan hê nie. Vir toekomstige Duitse geslagte gaan Neurenberg 'n ander betekenis hê as vir die regters wat eersdaags vonnisse daar gaan vel.

### EINDELOSE ONSEKERHEID

Veel ernstiger as die Neurenbergse hof vir Duitse „oorlogsmisdadigers" is die eindelose gesukkel van die oorwinnaars om tot eenstemmigheid te kom oor die sogenaamde vrede. Die onsekerheid van die hede en van die toekoms moet vir die volke van Sentraal-Europa veel verskrikliker wees as die verskrikkinge van die oorlog en die hongersnood en ontberinge van vandag. Dit is hierdie onsekerheid wat mense en volke tot wanhoopsdade dryf. Op die oomblik lyk dit of hierdie vreeslike onsekerheid nog lank gaan duur. As die oorwinnaars in Parys dit moeilik vind om oor die woestynagtige kolonies van Italië te besluit, dan lyk eenstemmigheid insake vrede met Duitsland byna onmoontlik.

Intussen word Duitsland beheer deur Rusland, die V.S.A., Brittanje en Frankryk. Elkeen van hierdie moondhede volg sy eie beleid in die gebied wat onder sy beheer staan. Van 'n sentrale eenheidsbeleid in Duitsland is daar geen sprake nie. Die gebied waaroor die Russe beheer voer, is die grootste en is wat agter die Russiese „ystergordyn" gebeur, om Churchill se uitdrukking te gebruik, weet sy eie bondgenote nie. 'n Mens kan maar raai dat bolsjevering hier sy gang gaan.

### DIE BRITTE BESORGD?

In die Britse parlement is daar voorsiening gemaak vir £80 miljoen jaarliks vir die deel van Duitsland wat deur die Engelse beset word. Hiervan sou die oorgrote deel bestee word aan die Duitsers self. Die Londense Times vind dit „ironies" dat die Britse belastingbetaler 'n jaar ná die Duitse oorgawe vir die lewensonderhoud van sy vroeëre vyande moet sorg. 'n Mens wonder wat die Times anders verwag het. Maar die besetting van Duitse gebied beteken ook verpligtings vir die besettingsmoondheid, aldus die blad. Dit is volgens die Times in elk geval nie so 'n slegte belegging nie „want hongersnood in die Brits-besette gebied sal nie alleen onberekenbare sosiale en politieke gevolge hê nie maar sal alle vooruitsigte vir die ekonomiese herstel van Duitsland uitskakel en 'n dergelike ekonomiese herstel is vir Brittanje noodsaaklik ten einde uit 'n dilemma te ontsnap". Volgens 'n lid van die Commons moes Brittanje verhinder dat Duitsland 'n „distressed area" word wie se enigste uitvoerartikels na sy buurstate uit „sosiale ellende, politieke desperasie en nuwe vorms van totalitariese fanatisisme en 'n nuwe versoeking om hulle, d.w.s. vorms van totalitariese fanatisme, te eksploiteer".

Die sorge van hierdie Brit is seer seker nie sonder grond nie. Onder „nuwe vorms van totalitariese fanatisisme" verstaan hy niks anders as Kommunisme nie. Sy besorgdheid is egter mosterd na die maal. Die Kommunisme wat hy wil keer, het in die Russies-besette deel van Duitsland sonder twyfel reeds wortel geskiet. Hongersnood, ellende en onsekerheid sal ook daarvoor sorg dat Kommunisme op die res van Duitsland 'n houvas kry. Die Potsdam-besluite wat aan die Duitse nywerheidspotensiaal 'n doodsteek toegedien het, het daarvoor gesorg.

Met sy leiers as aangeklaagde oorlogsmisdadigers in hegtenis, met hongersnood en ellende in baie ernstige vorms, en met 'n duistere en onsekere toekoms, het die hartjie van Europa 'n etterende sweer geword. Nie deur leermeesters uit die lande van die oorwinnaars nie maar deur uiterste nood en ellende word Sentraal-Europa gebolsjeveer en gebalkaniseer. Die vyande van Sentraal-Europa mag op die oomblik oor sy ongeluk juig, maar die dag sal aanbreek, het vir denkendes reeds aangebreek, dat kommer en vrees die plek van ligsinnige gejuig sal inneem.

## Buitelandse Oorsig

**INDIESE SENDING MISLUK.** — Die samespreking oor Indiese onafhanklikheid tussen verteenwoordigers van die Britse regering en die Indiese leiers, wat in Simla plaasgevind het, het misluk, berig Sapa-Router.

OPENBARE VERGADERING

Die Kommandant-generaal

**Dr. J. F. J. VAN RENSBURG**

en die Adjunk-Kommandant-generaal

**GENL. J. A. SMITH**

spreek 'n Openbare Vergadering toe te

**KAAPSTAD**

**WOENSDAG, 22 MEI**

om 8 n.m.

**in die Hofmeyrsaal**

Die Kaapstadse O.B.-Blaasorkes sal musiek verskaf.

Dit word verwag dat elke Offisier en Brandwag die vergadering sal bywoon. — **Die Volksbeweging roep alle Afrikaners!!**

# Nuus van die Week

**MOORD IN BIOSKOOP:** Die 64-jarige mede-eienaar van die Majestic-bioskoop, Kaapstad, is verlede week in sy kantoor vermoor. Die motief was blykbaar roof, want die geld uit die brandkas het verdwyn.

**DRIE MOORDE PER DAG:** Sedert die algemene verkiesing wat in Griekeland gehou is, word daar elke 24 uur drie mense om die lewe gebring. Berig word dat daar gedurende April 116 mense vermoor is. Almal word bestempel as politieke moorde. Die moorde word toegeskryf aan die optrede van die Kommuniste.

**TEREGGESTEL:** Die Nederlandse nasionaal-sosialistiese leier Anton Mussert is veroordeel tot die dood en is verlede week tereggestel. Koningin Wilhelmina het begenadiging geweier.

**DANK AAN SUID-AFRIKA:** Die Nederlandse Koningin het deur middel van die Nederlandse gesant in Suid-Afrika haar dank uitgespreek vir die hulp wat Suid-Afrika aan Nederland by wyse van voedsel en klere aan haar land gedurende die oorlog en die tydperk daarna verleen het.

**HET GEEN GELYKE:** Britse soldate het die mening uitgespreek dat daar geen meisie in die wêreld is wat die gelyke van die Duitse meisies is nie. Hulle het die meisies bestempel as die hardwerkendste wat hulle nog teengekom het. 'n Stemopname het getoon dat nagenoeg honderd persent van die soldate in Duitsland begerig is om met Duitse meisies te trou.

**PERSIË BLY OP AGENDA:** Die Veiligheidsraad het besluit om die Persiese vraagstuk nog op die agenda van die raad te hou. Dit is gedoen omdat daar nog geen verslag van Rusland ontvang is oor die terugtrekking van sy troepe uit hierdie gebied nie. Persië kon ook nie 'n volledige verslag voor die raad lê.

**STAKING TYDELIK BEEINDIG:** Die steenkoolstaking in Amerika wat reeds 40 dae aan die gang is, en waarby 400,000 werkers betrokke geraak het, is op las van hul leier, John L. Lewis, tydelik afgelas tot 25 Mei op voorwaarde dat die loonsverhoging wat aangevra is, van terugwerkende aard sal wees. Baie fabrieke het reeds tot stilstand gekom weens die tekort aan steenkool.

**OOREENKOMS:** Die ministers van buitelandse sake wat in Parys oor die vredesbepalings beraadslaag, het verlede week tot 'n kompromis geraak ten opsigte van Rusland se eis om alleenseggenskap in Tripolitanië, Noord-Afrika, deur ooreen te kom dat Italië die gebied as 'n voogdyskap van die Verenigde Volke-organisasie sal administreer.

**FASCISTIESE HERLEWING:** Italiaanse Fasciste het op die dag van die herdenking van die dood van Mussolini die radiostasie in Rome oorrompel en die program onderbreek. Hulle het die Fascistiese lied Giovinezzo gespeel en Fascistiese slagkrete oor die radio laat weerklink. Voordat die polisie iets kon uitrig, het die manne weer verdwyn.

# Propaganda i.p.v. Oplossing

'n Onomwonde verklaring dat die partye in die parlement uit elke volksvraagstuk politieke munt slaan vir partygewin, is volgens Hansard No. 14 (par. 6281) deur mnr. S. E. Warren gedoen:

„Ek wil net aan die laaste spreker sê dat ek daarvan oortuig is dat dit net vir politieke redes is dat hy aan die ander kant gestem het. Ek is moeg vir die storie dat jy politiek uit alles wil maak. **Natuurlik maak ons almal uit enige vraagstuk politiek. As ons aan hierdie kant 'n fout maak, dan verkondig agb. lede aan die anderkant dit van die huistoppe, en as hulle 'n fout maak, doen ons dit."**

Dit is juis om hierdie rede dat die Ossewabrandwag gekant is teen die parlementêre partystelsel.

**Vraagstukke is daar om deur gesamentlike kraginspanning opgelos te word — nie om propaganda daaruit te maak nie.**

# Duitsers Moet Help Met Wedloop

Omdat die Britte hulself te lig ag om die probleem van die spuitmotor op te los, sal sowat 25 Duitse wetenskaplikes na Brittanje vervoer word om die Britte van raad te bedien.

Hierdie Duitse wetenskaplikes is gesaghebbendes op die gebied van lugvaart en sal vir hulle dienste betaal word. Soortgelyke groepe sal na Rusland en Amerika ontvoer word om met navorsing behulpsaam te wees. Sommige van die Duitse wetenskaplikes wat na Engeland vervoer word, is wêreldberoemde figure en sal die Britte van waardevolle inligting moet voorsien.

Die Britse onder-minister van voorrade wat hierdie aankondiging gedoen het, het verklaar dat daar by die Engelse volk ongerustheid sal ontstaan oor die invoer van Duitse wetenskaplikes, „maar ek hoop dat daar in gedagte gehou sal word, dat indien die wetenskaplikes nie kom nie, dit ons in die wedren kan laat agter raak."

# Basaar Gehou In Kaapstad

Die Vrouekommando van Groote Schuur het voorverlede Saterdag 'n goed geslaagde verkoping in die Komiteekamer van die Hofmeyrsaal, Kaapstad, gehou. Nadat genl. P. D. Rousseau die verrigtings met gebed geopen het, het komdte. M. C. Pienaar genl. dr. Erika Theron wat die basaar geopen het, welkom geheet en haar seën toegewens met haar voorgenome reis na Amerika.

Genle. Theron het melding gemaak van die groot verskeidenheid van geregte en artikels wat in die tyd van skaarste op die verkoping aangebied is. Dit is te danke aan die vindingrykheid en ywer van die vroue. Die insameling van fondse, het genle. Theron gesê, is saam met die verspreiding van die O.B.-gedagte een van die belangrikste take van die vrou.

Gedurende die etensuur is heerlike maaltye verskaf. Daar was 'n besonder groot toeloop vir gebak en ander eetware. Die opbrings was £31.

# OGIES IN DIE NUUS

## „IN ONS MIDDE"

„Ons het 'n element in ons midde wat openlik daarop uit is om die demokrasie te vernietig", het mev. Jessie McPherson, beskermvrou van die kommunistiesgesinde Springbok-Legioen verlede week op die trappies van die Johannesburgse stadsaal gesê tydens 'n protesvergadering van genoemde liggaam teen die Ossewabrandwag se voorbestaan.

Dit was onnodig om te beklemtoon dat daar so 'n element **in hul midde op daardie oomblik was — die doel van die vergadering bewys dit!**

## „ONS" DUITSE KUNSBEEN

'n Berig in die pers verlede week het gelui dat 'n nuwe soort kunsbeen, die „hidroliese been", met goeie gevolg in Duitsland op die proef gestel is. Die beweging daarvan kan byna nie van die gewone been onderskei word nie. Daar is verklaar dat die kunsbeen „deur Amerikaanse geneeshere wat saam met Duitse wetenskaplikes in Heidelberg gewerk het, ontwerp is."

Vir die Amerikaanse eiewaan was dit natuurlik te pynlik om die woorde andersom in te span sodat die sin reg kon lees. Teen die end van die berig is darem nog, heel onbeskeie, toegegee dat die „aanvanklike navorsing" deur twee Duitse wetenskaplikes gedoen is.

## „NET SO RYK"

Die ryk gouderts wat in die Vrystaat ontdek is, het ná die eerste spekulasie-storm in Amerika afgesak soos 'n bitter pil in die buik van Amerikaanse verwaandheid. Die voorsitter van die silwerkomitee van die Amerikaanse senaat probeer egter sy bes om die blink kant bo te hou deur 'n aankondiging dat goud in Noordwes-Kanada (darem nog ook Amerikaans) gevind is wat gelykstaan aan die sensasiewekkende goudvonds van die Vrystaat! Die aankondiging klink goed, maar Londen wil nog nie hieroor op hol raak nie.

## DUUR PRYS

Ons verneem dat die plan van maj. Caprara om die parlementêre toesprake oor 'n afsonderlike golflengte uit te saai, deur die mat geval het omdat dit te veel geld sal kos. Ons sal wil byvoeg dat dit ook te veel aan gerief en sport sal kos aan die kant van parlementslede wat in so 'n geval 'n skoner blaadjie sou moes omslaan.

# BRITTE BESLUIT OP TERUGTREKKING UIT EGIPTE

**Die Britse troepe sal uit Egipte teruggetrek word, aldus 'n verklaring uitgereik deur die Britse regering. Daar is egter geen datum bepaal wanneer die terugtrekking sal geskied nie.**

Die verklaring is met gemengde gevoelens in Egipte ontvang. Die terugtrekking van die troepe word verwelkom, maar daar word gevrees dat dit nog jare kan duur voordat die terugtrekking 'n voldonge feit is.

As die Britse leër teruggetrek word, sal die Egiptiese leër geografies die belangrikste beskermer van die Suezkanaal wees.

# SKULDIG

Omdat hy nie 'n huis gehad het nie en sy familie dakloos was, het 'n oudsoldaat eie reg gebruik en in 'n leë huis getrek. Hiervoor is hy verlede week in Bloemfontein skuldig bevind.

Nog 'n slagoffer van leë beloftes!

# VRA INLYWING VAN SUIDWES

Die wetgewende raad van Suidwes-Afrika het 'n onbestrede mosie dat Suidwes by die Unie ingelyf word, eenparig aangeneem. Die mosie is ingedien deur mnr. N. P. Niehaus, lid van die Verenigde Party, en is deur die nasionale opposisie gesteun.

# BELLVILLE WYS OFFISIERE AAN

Op 2 Mei het die generaalskap Bellville onder voorsitterskap van hfkomdt. J. A. Strauss vergader met die oog op reorganisasie. Die vergadering is met gebed geopen deur komdt. F. A. Smit, terwyl hfkomdt. S. Kamffer die verrigtings in verband met die reorganisasie gelei het.

Die offisiere het genl. G. de V. Retief eenparig aanbeveel vir 'n verdere dienstyd. Die ander offisiere wat aangewys is, is hfkomdt. A. J. H. Bosman, hfkomdt J. A. Strauss en hfkomdte mev. B. Harris. Vir die Boerejeug is aanbeveel jeugkomdt. F. Truter en jeugkomdte. mej. A. Cloete.

# Baie Tevrede Met Advertensie

Mnr. G. Frankot van Stellenbosch verklaar dat hy verbaas was oor die buitengewone reaksie wat hy onlangs op 'n enkele advertensie in Die O.B. gehad het. Hy het geadverteer vir 'n goeie waghond, en binne 'n paar dae het hy briewe van ses hondeteleers ontvang. Wat hom die meeste getref het, was die eerlike behandeling wat hy van die mense ontvang het. Hy het hom verlaat op die openhartige beskrywings wat hulle gegee het, en hy was honderd persent tevrede met die hondjie wat hy ontvang het. „Dit is mense met karakter wat Die O.B. lees," het mnr. Frankot besluit.

## GRANATE

Daar is dikwels 'n granaatboom op 'n erf waarvan daar egter maar weinig gebruik gemaak word. Die pitjies kan tog 'n baie mooi versiering wees op nageregte en slaaie, en lekker in vrugteslaai. Bedien granaatpitjies as nagereg met soet opgeklopte room — dis iets besonders en baie voedsaam.

***Die O.B. is die Advertensieblad van die toekoms. Gebruik sy geklassifiseerde kolomme.***


**Nou is u kans!!**

om die jongste

**Afrikaanse Klankrolprent**

**Pinkie se Erfenis**

wat oral besonder groot byval vind, te sien!!

'n Uitmuntende voorprogram word ook aangebied. Neem u kans waar en bespreek u plek dadelik! Die land word tans met drie toer-eenhede bereis.

TOERPLAN:

MAANDAG, 20 MEI:
**SPRINGBOK, UNIONDALE, NU-BETHESDA**

DINSDAG, 21 MEI:
**NABABEEP (middag) KARREEDOUW**

WOENSDAG, 22 MEI:
**STEINKOPF, JOUBERTINA, ADENDORP**

DONDERDAG, 23 MEI:
**PORT NOLLOTH HUMANSDORP, ABERDEEN**

VRYDAG, 24 MEI:
**PORT ELIZABETH WILLOWMORE**

SATERDAG, 25 MEI:
**POFADDER, PORT ELIZABETH (middag) STEYTLERVILLE**

**KENNIS IS MAG**

*Reik na geleerdheid en mag met minimum moeite en koste deur middel van die MODERNSTE en EENVOUDIGSTE tuisstudiekursusse van die*

**LYCEUM KOLLEGE**

**Wil u 'n Wetsgeleerde word? Of 'n Bestuurder, Sekretaris, Rekenmeester, Joernalis, Naturelle-Administrateur, Snelskrywer(ster), Tikker(ster) of Gewone Sakeman?**

**BEVEILIG U BESTAAN DEUR**

**GELEERDHEID**

**Begin vanwaar u die skool verlaat het. Ons lei ons studente op vanaf Std. VI.**

(Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.)

Naam ..........................................

Adres ..........................................

Kwalifikasies (Standerd geslaag) ..........................................

Kursus waarin u belangstel ..........................................

(Std. VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Naturellewet en -Administrasie, Boekhou, Sekretariskursusse, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoetale, Taalbond, ens.)

**LYCEUM KOLLEGE — POSBUS 5482 — JOHANNESBURG**

**DIE MAN MET ONDERNEMINGSGEES**

plant

**Rose — Vrugtebome — Sier- en Skaduweebome**

—o—

ONS BIED DIE BESTE KWALITEIT BOME AAN

—o—

Bestellings stiptelik uitgevoer.

—o—

Lyste en advies gratis.

—o—

**ROCKEY KWEKERYE**

**MABAALSTAD**

**oor Koster.**

**VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS**

**Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.**

**SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD**

**Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.**

# Minister se Verweer: Duitse Dokumente

Die Minister van Justisie, mnr. Harry Lawrence, het verlede week in antwoord op die debat oor die onmenslike optrede van die regering teen geïnterneerde Duitsers sekere „dokumente afkomstig uit Berlyn" voorgelees waarin verwysings voorkom na nasionale leiers gedurende 1940.

Onder andere is die naam van dr. Malan genoem in verband met 'n mev. Radley en 'n mev. Denk wat aan hom verklarings omtrent die Duitse beleid ten opsigte van die Unie sou oorhandig het. Daarvolgens sou die Duitse regering onderneem om die Unie se onafhanklikheid te erken met byvoeging van Suid-Rhodesië, maar met behoud van Suidwes vir Duitsland self. Ook sou die Britse protektorate Basoetoland, Swasiland en Betsjoeanaland tot die Unie bygevoeg word.

In die dokumente word gewag gemaak van die „Malan-Rensburg-groep" aan wie sekere voorstelle gedoen moes word ten einde genl. Hertzog te beïnvloed. Hierdie dokument bevat die datum 22 November 1940 met die handtekening Karlowa daaronder, en word aangedui as „aantekeninge vir die Ryksminister van Buitelandse Sake".

Dr. Malan het erken dat hy 'n onderhoud met mev. Denk gehad het, maar het verklaar dat hy geen notisie van haar geneem het nie, omdat hy gemeen het dat sy 'n lokvink van die regering was.

Op voorstel van min. Hofmeyr is 'n gekose komitee van die parlement aangestel om die aanklag teen dr. Malan te ondersoek. Die kommissie sal ook ondersoek instel na die regering se optrede in verband met die saak.

## Loseerders Word Uitgebuit

Die verbod van die regering dat daar na 3-uur geen brood bedien mag word nie, word deur sommige losieshuis-eienaars aangegryp as 'n geleentheid om die voedsel wat aan loseerders voorgesit word, tot 'n minimum te beperk. Loseerders in verskeie inrigtings ontvang net een snytjjie brood per dag, sonder dat daar voorsiening gemaak word vir addisionele voedsel in die plek van brood. Dit is nutteloos om klagtes in te dien omdat eienaars van hierdie inrigtings weet dat weens die geweldige tekort aan akkommodasie, daar geen ander losies verkrygbaar is nie. Elke losieshuis het lang waglyste van persone wat aansoek gedoen het om losies.

# O.B. VRA OFFERS OP 8 AUG. SÊ A.K.G.

**„Ons moet O.B.-dag vier deur offers te bring", het Adjunk-K.G. J. A. Smith verlede Saterdag voor die hoofkommandantes van Gebied A in Kaapstad verklaar. „Die 8 Augustus-fonds is die brood wat die siel aanmekaar hou. Ons stuur die wekroep deur heel Suid-Afrika om fondse, en nogmaals fondse in te samel. Soos in die verlede sal Suid-Afrika weer daarop antwoord."**

Daar is 'n geweldige geldmag wat teen die Ossewabrandwag staan en hom beveg, het genl. Smith gesê. Die vernaamste verteenwoordigers hiervan is die pers met sy meer as 'n miljoen pond kapitaal en die gesalarieerde politici met al die voorregte wat hulle geniet.

**„Ons pleit nie vir die O.B. as sodanig nie maar vir die bestendiging van die Afrikanervolk se lewensbeskouing. Ons moet roepende mondstukke hê om die volk voor te lig in die chaos waarin hy verkeer."**

**Voordat die Ossewabrandwag dit kan verwesenlik, is dit nodig dat hy homself sterk maak sodat hy as gelyke vennoot kan optree."** Samewerking tussen die verskillende groepe in die volk kan alleen verkry word deur op 'n edelmoedige manier te werk te gaan en elkeen se aandeel as vennoot te erken.

Alle offisiere moet toesien dat daar op 8 Augustus gepresteer word. Sonder die nodige fondse kan die Volksbeweging nie presteer en lig aan die dwalende volk bring nie, het genl. Smith besluit.

Die vergadering is bygewoon deur mev. J. E. Conradie en mev. dr. J. S. du Toit, en is ook toegespreek deur genle. Erika Theron.

## Godsdienstige Optog



Genl. Franco van Spanje, teen wie die kommuniste op die oomblik so bedrywig is, is 'n baie godsdienstige man. Ons sien hom hier deelneem aan 'n Palm-Sondagoptog onderweg na sy kapel.

## Wil Nie Met Die O.B. Saamwerk

Die leiers van die H.N.P. in Transvaal, genl. J. C. G. Kemp en mnr. J. G. Strydom, het 'n verklaring uitgereik in hul Johannesburgse partyorgaan waarin hulle ten sterkste ontken dat daar in die party aan samewerking met die Ossewabrandwag gedink word.

Hulle verklaar dat daar „onder ons Volksraadslede nie die minste meningsverskil oor ons standpunt teenoor die O.B. (is) nie".

„Soos een man onderskryf ons ons Party se standpunt, nl. dat ons die O.B. die reg ontsê om hom met die politieke sake van die Afrikaner te bemoei, omdat dit ons Party se taak en terrein is, en dat ons, net soos ons dit in die verlede gedoen het, die pogings van die O.B.-leiers om met hul vreemde stelsels en misleiding ons Party te ondermyn, aan die kaak sal stel."

(Dit is 'n verbasende verklaring, nie net weens die histeriese houding wat dit openbaar teen die begeerte tot samewerking nie, maar ook omdat dit strydig is met die algemene kennis dat 'n man soos mnr. Tom Naudé by voorbeeld al openlik in die partykongres vir samewerking gepleit het. — Red.)

## NET JODE SÊ OUDSOLDATE

**Oud-soldate wat nie aan die Springboklegioen wil behoort nie, deel mee dat die meeste van die amptenare van die Kaapstadse Springboklegioen Jode is, en dat hulle daarom nie begerig is om lede van hierdie Joodse organisasie te word nie. Die hoof van die organisasie is sersant-majoor Isacowitz. Hierdie soldate verklaar dat sommige van die Joodse amptenare nooit enige aktiewe militêre diens gedoen het nie.**

Hierdie organisasie wat sy mond so vol het van die Ossewabrandwag, ken geen kleurskeidslyn nie. Hy verklaar dat sy geledere oopstaan vir alle oud-soldate, afgesien van ras of geloof.

Op die hoofbestuur, wat uit een-en-twintig lede bestaan, het 'n naturel sitting.

# Was Ons Maar Net Van Die Partystelsel Vry!

**Volgens Hansard no. 13 (par. 5771—5772) het dr. D. F. Malan 'n sterk pleidooi gelewer vir die tydelike opheffing van die partystelsel in verband met die Indiërmaatreël. Hy het genl. Smuts verwyt dat hy daarvan 'n partymaatreël gemaak het, in plaas van 'n volksmaatreël. Dr. Malan het die nadele van die partystelsel as volg gestel:**

„Verwys hierdie saak na 'n komitee nie net van hierdie Huis alleen nie — dit kan wel in die eerste instansie gedoen word — maar uiteindelik moet die gesamentlike komitee van altwee Huise van die Parlement op die saak ingaan. **As jy dit doen dan lig jy die hele saak uit die partypolitieke arena. Dan maak jy daarvan 'n nasionale saak. Dan skakel jy uit die besprekings daarvan, by die oorweging daarvan, alle partygevoel en jy skakel uit die behaal van alle partyvoordeel; met ander woorde, jy maak die verskillende partye wat hier is daardeur los van die tirannie van die partysweep. Jy stel hulle in vryheid om die saak te beskou en om te handel ooreenkomstig hulle eie oortuiging en die oortuiging van hulle kiesers."**

### DOSYNE

Mnr. J. G. Stydom, wat beskou word as die opvolger van dr. Malan, het hom in hierdie verband as volg uitgelaat (Par. 5813):

„ . . . en as die volk daarbuite en ook die Eerste Minister se eie volgelinge hulle stemme oor hierdie saak kan uitbring sonder dat hulle daardeur hulle party in die ongeluk bring, **is ek in my eie gemoed daarvan oortuig dat nie alleen meer as die helfte van die lede aan die oorkant van die Raad daarteen sal stem nie, maar die oorgrote meerderheid van die witmense in hierdie land sal stem teen die toekenning van die stemreg aan die Indiërs . . . Aan die anderkant sit dosyne lede wat hier in die wandelgange nie die minste geheim daarvan maak nie dat hulle in hul siel bitter teleurgesteld voel oor hierdie stap wat die Eerste Minister neem."**

### NET EEN FONDS


Die raad van beheer oor oorlogsfondse in die Unie het besluit dat hulle slegs een fonds, die Deutsch - Afrikanischer Hülfausschuss sal erken. Die fonds het ten doel om fondse in te samel vir noodlydendes in Duitsland.

Al die ander komitees soos die Kaaplandse en ander vrouekomitees wat hulle beywer vir die insameling van fondse, word nie erken nie en hulle sal alleen mag funksioneer mits hulle deur die een erkende fonds toegelaat word om op te tree en dan moet hulle deur daardie organisasie beheer word.

### VERADEMING IN FRANSE POLITIEK

Die gevaar van 'n kommunistiese staat in Frankryk is tydelik afgewend deurdat die konstitusie-voorstel, waaroor die Franse volk verlede week gestem en wat 'n verstewiging van die kommunisme sou beteken het, by wyse van 'n volkstemming verwerp is. Teen die nuwe konstitusie het gestem, 10,315,600, en ten gunste daarvan 9,082,500.

In Junie sal die Franse weer na die stembus gaan om nuwe volksverteenwoordigers te kies.


TOT U BESKIKKING . . .

Bostaande tekening toon aan die omvang van die takstelsel wat reeds deur VOLKSKAS opgebou is ten einde sover moontlik te voldoen aan die sterk aanvraag na die Bank se dienste wat steeds ondervind word.

Hierdie takstelsel, en die volledige bankdienste wat daardeur verstrek word, is tot u beskikking en u navrae sal die stipte, persoonlike en vertroulike aandag van ons takbestuurders geniet.

VOLKSKAS BEPERK

DEPOSITO'S OORSKRY £9,000,000

ARBEIDSAAMHEID

BANKIERS HOOFKANTOOR PRETORIA